

## 12 Maart - DRA

**Skrifgedeelte: Jesaja 46**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 46:3, 4**

**I**n Jesaja 46 gebruik die Here die beeld van dra om homself teenoor die afgode van Babel te stel. Die vraag waarmee die deel ons konfronteer, is: "Dra jy of word jy gedra?"

Afgode moet rondgedra word. Mense maak hulle en hulle is afhanklik van mense om hulle rond te dra en hoog te hou. Waarskynlik verwys die profesie na die gebruik om tydens groot feeste die afgode op waens te laai en hulle deur die strate van die stad te paradeer. So kon die mense hulle sien en aan hulle eer betoon.

Alle afgode is iets wat 'n mens moet dra en moet hoog hou. Of dit nou 'n beeld van Bel of van Nebo of Mammon of jouself is. Dit is moeite om die afgod in sy plek te hou. Met afgode dra jy die god.

Daarteenoor herinner die Here sy volk dat dit Hy is wat hulle gedra het van hulle geboorte af en dat hy hulle tot in hulle grysheid sal vashou, sal dra en hulle sal red.

Die Christelike godsdiens is die enigste godsdiens waar God die mens dra. God is nie van ons hande en ons hooghou afhanklik nie. God is nie beperk tot waar ons Hom wil hê nie. Ons hoef Hom nie op 'n wa te laai om Hom sigbaar te maak nie.

Hy het uit sy eie, omdat Hy wou, sy Seun na die wêreld gestuur om ons te red. So het Hy ons hemelse Vader geword wat ons asof met sy hand onderhou en regeer (HK Sondag 10). Wat 'n voorreg om in my godsdiens deur God gedra te word en dat ek Hom nie hoef te dra nie.

Mag jy die geloofsgenade ontvang om jouself te laat dra deur die Here, en om nie soos 'n eiewillige kindjie te spook om uit sy hande los te kom nie. Gee jouself opnuut oor in sy Vaderhand en kom tot ruste.

*Sing: Psalm 3:4, 12 (1953-omdigting)*

*Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*